LAERSKOOL QUEENSWOOD

Posbus 11011 Queenswood 0121
Faks (012) 333 0256
Tel (012) 333 0255

Kirkbystraat 1251 Queenswood 0186
www.laerskool-queenswood.co.za
e-pos: lsqueen@mweb.co.za

18 Mei 2011

Geagte Ouers/Voogde

WETENSKAP EN TEGNOLOGIE EKSPO

Soos u reeds weet, neem die graad 4 – 7 leerders deel aan die ekspo. Dit is verpligtend en ons wil die leerders aanmoedig om deel te neem. Dit is 'n wonderlike geleentheid om kreatiwiteit, kennis en ouerhulp te kombineer. Deelname sal ook aangedui word op die meriete-sertifikaat.

Die ekspo vind plaas op: 27 Julie 2011 (beoordeling deur die onderwysers)
28 Julie 2011 (uitstalling kan besigtig word)

Hier volg 'n paar riglyne:

ONDERWERPE WAARUIT JY KAN KIES:

Plante
Diere
Lewe in die tuin
Watersiklus
Besoedeling
Herwinning
Weersomstandighede (reën, sneeu, wind, ens.)
Juwele en edelstene
Vuurpyle
Magnete
Sterre
Planete
Ruimtevaart
Elektriese motors
Werking van 'n kamera
SA se energiebronne (bv. Steenkool)
Siektes
Die werking van die liggaam
Siektes by diere
Voedselsoorte
Alternatiewe energiebronne
DNA
Atome
Stroombane
Sure en basisse
Energie omskakeling
Dryf en sink
Geheime skrif

Moenie blaaie wat op die rekenaar uitgedruk word net so plak nie. 'n Korter weergawe is meer werd. <u>Navorsing is van uiterste belang, met ander woorde dit kan nie die aand voor die tyd gedoen word nie</u>.

* *Maak jou eie aansteekbord.*
1 meter hoog x 90 cm breed

BEPLANNING VAN DIE TAAK: (MAAK 'N UITSTALLING OF PLAKKAAT)

1. Kies 'n onderwerp
2. Lees oor die onderwerp
3. Bepaal 'n duidelike doel/vraag
4. Beplan jou uitstalling/plakkaat
5. Skryf netjies. Opskrifte moet duidelik wees.
6. Sit prente/voorbeelde by
7. Vertel oor jou onderwerp (stel jouself voor en praat duidelik)

Vriendelike groete

R. LUDICK
PRINSIPAAL

Skoolbeheerliggaam: S van Herk (Voorsitter) - R Ludick (Prinsipaal) - E Smit - T Combrinck - I de Wet - C Els - C Lombard - D Scheepers